



# Habari

# 1998

Nuusbrief van die Vriende van Oos-Afrika

Newsletter of the Friends of East Africa

## Editorial
## Brief van die Redakteur

*Jambo Sana!*
Ons vergader DV, op 3 Oktober 1998 by Roodeplaatdam! As u nog nooit hier was nie, of die pad vergeet het, die kaart is iewers in ons nuusbrief.

Dankie vir al die briewe en brokkies wat ons ontvang het. Skryf asseblief weer. Wat u wil skryf, sal dalk nie vir u na nuus klink nie, maar dis deel van ons geskiedenis.

Please write! We would like to hear from you. Don't think only "important" stuff worthy of Habari. One day someone will write something about East Africa, and will look for some small detail to make the past - and a paragraph - come alive, and perhaps use something you wrote in our letter.

**OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE ADRESSE EN TELEFOONNOMMERS**

*Voorsitter* Alex Boshoff, Posbus 21, DERDEPOORTPARK, 0035 (012.8083664)

*Ondervoorsitter* Danie Steyn, - met 'n nuwe adres en telefoonnommer - Posbus 14386, Dersley, SPRINGS, 1569. 011.3661747; Selfoon: 083 271 6378

*Redakteur Habari* Eddie de Waal, Keeromstraat 628, HERCULES, 0082 (012.3792604)

Ds Piet Grobler, Posbus 10, Clarens, 9707. Tel 058.256 1007

Mrs Emma Stow, Belrene Straat 14, RIETONDALE, 00843 (012.329-4177)

Prof PG Nel

---

### TWEE BOEKE OOR KENIA

* Die Vriende van Oos-Afrika sal belangstel in 'n nuwe boek wat ek pas voltooi het. Dit is ter perse en sal teen Oktober op die rakke wees. Die titel is **The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity** *(Uitgewers: Greenwood Publishing Group Inc., 88 Post Road West, box 5007, Westport, CT 06881, USA. - Die nommer is ISBN 0-89789-611-4).* Hierdie studie bespreek eers die toestande in Oos-Afrika - hoe dit oopgestel is onder Duitse en Britse administrasies, en ook die trekke na Duits-Oos en Brits-Oos Afrika. Dit gaan ook oor die aanpassing daar tot ná politieke selfstandigheid in die sestigerjare. Een van die aantreklikhede van die boek is dat daar tot 'n groot mate gebruik gemaak is van Afrikaanse bronne (bv. Publikasies van die drie Afrikaanse kerke.)

Die boek se inhoudshoofde is: Introduction; The East African Scramble; Events in the South; Exploring the Hinterland; Trekking; Settlement; The Economy; The Church; Education; Transitions; Conclusion.

Daar word veral aandag gegee aan die rol van die dominee en belangrike werk van ds Loubser, en van ds Aucamp, wat ook pastorale werk in die Kongo gedoen het.
Ek hoop ons vriende lees lekker.
**Van: Brian M. du Toit, Department of Anthropology, University of Florida, Gainsville, FL 32611, USA**

* *There is a book out in Kenya* similar to the Telephone directory, it gives the names of people that lived there, and the years they went to Kenya and where they lived: Eldoret; Kitale; Nakuru; Koru; Kisii; Kipkabus; Kericho; Machakos; Nairobi; Nanyuki and many others. It also includes the names of people murdered in Kenya. It also includes facts like the titled gentry and the longest name "Lady Eileen Nina Evelyn Murray Kynamond-Elliot Scott"; Longest family connections, Leaky 1892-1988. It has been compiled by T H Hutchinson 1991; Private Bag Koru, Kenya.

---

### WAT EK ONTHOU, WAT MY OUERS MY VERTEL HET, EN TOE EK AL GROTER WAS
deur Martie Davies

***Ek wil aansluit by die stuk wat Victor Germishuis geskryf het in die vorige Habari. Hierdie kom so uit die jaar 1922. Ek was toe 2 jaar oud.***

My pa, Fanie van Vuuren, het vir die Spoorweë gewerk. Hy en oom Floors de Meyer en twee Italiaanse mans (die een wat saam met my pa gewerk het se naam was Martinelli) het in twee spanne gewerk om die spoor te lê van Nakuru tot op Eldoret, waar ons gewoon het te lê. Meneer Sedgewick was die hoof onder wie hulle gewerk het.

Dit was moeilik om werkers te kry en dan nog hulle taal te leer, en boonop was hulle van verskillende rasse. Gewoonlik het hulle nog weggeharloop as hulle hierdie wit wesens sien. Enkeles, wat al voor die 1908 trek met die vorige mense kennis gemaak het, kon al goed verstaan, en dié wat reeds by witmense gewerk het, het baie gehelp om nog werkers by te kry.

So op die pad, soos die werk gevorder het, het my pa vir ons grashuisies gemaak vir herberg. Hulle het

soos igloes gelyk, alles van gras (mure en dak). Ons het dit hartbeeshuisies genoem. Later het my pa 'n plaas gekoop, en toe het die huisbou begin terwyl hy nog gewerk het. Dit het maar swaar gegaan - dit was net in verloftyd wat die bouery kon plaasvind, en dan moes hy nog myle afry met 'n fiets, wat ook nie so lekker was nie.

Voorlopig het hy vir ons 'n klein plekkie van latte en klei gebou. Toe het die groot huis se bouwerk begin. Dit was van rousteen. Die stene word gemaak soos bakstene maar nie gebak nie. Ek kan nie onthou wanneer die spoor klaar gelê was tot op Eldoret nie. 'n Vorige skrywer, wyle oom Eddie de Waal, dink ek, het die datums in 'n vorige nuusbrief geskryf.

Na my pa met die spoorwerk klaar was, het hy plaas toe gekom. Daar was toe darem al 'n paar osse en koeie wat so met die loop van tyd aangekoop was, asook klein stukkies land wat reeds geploeg was. Die mense het mekaar so gehelp. Daar is so bietjie mielies en koring geplant, asook groente.

My pa het toe ook darem vir my ma 'n hand naaimasjien gekoop, toe het dit sommer goed gegaan, want sy het hoede en kappies gemaak van strooi, mielieblare en waterriet. Alles word gevleg en dan met die hand aanmekaargewerk. Die masjien het handig ingekom, maar die koringstrooi moes nog met die hand gemaak word, want dit was hard en bros. Daar was selfs mandjies gemaak - en hoe mooi het dit gelyk. Toe het my ma begin tente maak van ongebleikte linne. Dit was die 3 CCC Amerikani, 'n baie dik linne. Daar moes 4 breedtes aanmekaar gestik word: die mure en dak aaneen, en dan die deure, met 'n skuins stuk aan die mure en dak gestik om die tentdak vorm te geè. Dit word dan net oopgebind. Die twee deure word met hakies toegehaak en op elke naat, die hoogte van die muur (omtrent so 3 vt) word 'n gaatjie gemaak met 'n dik els. Dan word dit knoopsgatgesteek omgewerk sodat dit nie skeur nie. Van die garingtolle se kante word afgesaag, en die lyn kom daardeur en dan deur die tentmuur. Dit word dan buite aan 'n hout - wat aan 3 kort pale vasgemaak is, vasgemaak. 'n Lekker huis om by die kerk te gaan opslaan. Party tente was al daar opgeslaan vanaf Donderdag voor Nagmaal tot die Maandag na Nagmaal.

Die eerste man wat die ou koring dorsmasjiene gewerk het, was oom Gert Claasen. Hy was 'n vreeslike haastige man en het gewoonlik sy dae onderskat wanneer hy by die volgende boer sal wees. As dit maanlig is, het hy dikwels tot in die aande laat die masjien laat loop. Dan word daar vir die werkers 'n vleisbraai gegee om hulle aan te moedig, asook ekstra betaling. Hy het ook allerhande dinge gedoen, soos op sy hande loop, en wiel hardloop. Dit was die eerste keer dat ek 'n mens op sy hande gesien loop het. Ná die dorsmasjien het hy weer orrels ingevoer. My pa het nog by hom 'n orrel gekoop vir my oudste suster. Ja oom Gert was 'n besige man. Ek glo nie hy kon ooit nee sê vir iemand nie - was altyd hulpvaardig.

Later het my pa die plasie verkoop en toe het ons Patatadraai toe getrek, na my oudste suster toe. Maar ons was nie lank daar nie toe is my pa se broer Stoffel en oom Gert du Toit Belgiese Kongo toe, en my Pa besluit ons gaan saam trek - sak en pak na 'n beter toekoms - maar dit het nie uitgewerk nie. Na 18 maande trek ons terug, want ek moes nog skool toe gaan. Dit was in September 1927.

---

*Diana Van Rensburg, wife of late Boet van Rensburg ex Police Dog unit has recently been to Kenya for a visit also to take Boet's ashes to his resting-place. She brought back a lot of beautiful photos of Kenya. A tree that Boet planted (thorn) with his name-plaque on. She met a lot of Kenya Regiment people and their wives, and a luncheon and a dinner was given for her. She is now in England, visiting her daughter and family and other Kenya people she knows.*

---

## Extract from a letter by André Barnard

*Koos Engelbrecht has sent along a letter from André Barnard, who now lives in Perth. André is the son of oom Koosie Barnard, who was married to Gypsie Eksteen (Koppie Eksteen's sister). The letter is dated 22nd August 1998. Here is a short extract.*

My Dad had his 86th birthday on 26th June. He still plays golf three times a week, and lives on his own down in Albany.

Please say hello to all those ex Kenya people when you meet in Pretoria in October. Your comments on Kenya, especially Nairobi, are exactly the same as everybody I speak to who has been there in recent times. I don't think I could stand going back, because it would somehow spoil how I remember everything. We were so lucky and privileged to have that time over there - in probably one of the best places to live in the world...

---

## Goeie ou Dae

deur Jurgens Joubert

**Ek wil graag iets van die ou dae skryf wat ek as kind onthou.** Ons het mos by die nagmaalviering gekom vier

maal per jaar. Ons het van Kitale na Eldoret toe gery met wa en osse, gewoonlik Woensdae van Kitale af en dan Saterdae oggende die laaste skof tot by die NG Kerk Vergenoeg gery.

Op een van hierdie ritte nagmaal toe, het ons op Hoey's Bridge oornag en ons kinders het onder die wa geslaap. Daar het ek 'n flappende vadoek aan 'n doringboompie aangesien vir 'n spook wat vir my waai.

Saam met ons was oom Loet van Maltitz en sy vrou, tante Sofie. Sy was my ma se suster en ons het haar altyd Susie genoem. Dan was daar my stiefpa, oom Zagrys de Beer. Na my pa oorlede is, is my ma met De Beer getroud.

By die kerk nadat die tente opgeslaan was kom daar 'n oom rond en hy groet toe die mense, kinders en ek hoor hy sê vir die seuns: "Dag, Gentlemen". Toe hy loop om ander te gaan groet vra ek my ma of dit die oom is wat ons *Oom Gentlemen* moet noem, toe sê sy ja. Dit was toe niemand anders as oom Gert van Rensburg nie, pa van Lena wat met Wyk Willem van oom Bokkie van Maltitz getroud was. Dit was baie lekker by die Sondagskool met die nagmaaltye, vernaam as oom Bokkie dit gehou het. Hy het 'n vraag gevra - soos "Wie was in die biesiemandjie op die Nyl?" - dan was daar stilte dan begin oom Bokkie sê: Dit was Mo- Moo- Mooo-, ja, Moses.

Ons was 'n hele klomp mense wat vir 'n Paasnaweek by die sodawater gaan uitkamp het. Dit is mos by Keben in die Nandi Reserve. Ons het die Saterdagaand 'n groot kampvuur gemaak en vleis gebraai. Onder andere was daar 'n Boesman met die naam Jacob, hy het van Suid Afrika na Kenya gekom saam met die Barbertons. Hy het naby die vuur plek ingeneem en na die braaiery sy kitaar gevat en 'n eentonige liedjie gespeel en gesing: "Pampoenskel, pampoenskel - " 'n getok-tok en dan weer van voor af." Oom Piet Kruger (Rooi Piet) het begin moeg raak vir die liedjie. Hy kon net soos 'n tier kreun, en hy gaan agter die bosse in en kom tot agter naby Jacob waar hy sit en sing. En daar uiter hy sy kreun. Jacob spring oor die vuur en die kitaar spat eenkant toe en skree net: "Baas, dit was 'n bonte!"

Dieselfde ou Jacob is toe 'n jaar of wat later getroud met 'n Nandi-meidjie en ons was by oom Bill Retief-hulle wat naby die Barbertons gebly het.

*In 1935 is ek van Kitale skool na Eldoret skool. Daar was 'n Mr Hunter Prinsipaal. Terwyl ek daar skoolgegaan het, onthou ek my eerste onderwyseres was Miss Cloete. Sy het nie meer bekendstelling nodig nie. Daar was ook Miss Tunstal wat my onderwys gegee het in std 4, en mnr Louw. Ek onthou ook Miss Blair. Sy het ons geleer om Skotse danse te doen. Van die volgende kinders het deelgeneem aan 'n konsert. Margaret Arnoldi - The Old Woman who lived in a Shoe (haar kinders was onder andere Suzie Daniels). Miss Muffet - Little Jack Horner, ek, en Jack and Jill - Nicklaas Hopley en my suster Tienie. Humpty Dumpty - dink ek - was Piet de Meyer. Wie kan die ander onthou?*

In 1939 is ek uit Eldoret skool na die Prince of Wales in Nairobi. Na een of twee kwartale is die skool na Naivasha geskuif vir veiligheid met die Tweede Wêreldoorlog.

Terwyl ek in die Kenya Regiment was en die oorlog einde se kant toe gestaan het, het ek aansoek gedoen vir 'n betrekking in die Kenya Police. In 1945 is ek aangestel en in Eldoret gestasioneer.

In my lewe as polisieman was lekker dae en ook dié wat nie so lekker was nie. Eers na 2 jaar in Eldoret is ek na Soy verplaas. Soos ons ouens in Eldoret weet - die pad van Eldoret na Soy was oor ou Douglas se grond - omtrent 8 myl ver. 'n Gunsteling besoekplek vir jou stukkie wildsvleis - vernaam oor 'n karnaatjie.

Dikwels, as ek in die donker van Eldoret af Soy toe gery het, was daar ouens langs die pad wat punctures heelmaak ... en so aan. Een aand het ek het van Eldoret na Soy gery, nogal met die ligte af. Ek merk 'n kar voor staan, en hou stil, en sien ouens lig met flitse. En ek hoor 'n skoot. Ek wag toe 'n ruk, sit die kar se ligte aan, en ry tot by die kar wat staan. Ek het die vrou by die kar geken. Dit was Anna van Maltitz. Ek klim uit en vra: "Wat is verkeerd?". Toe sê sy sy het 'n pap wiel. Ek wou help, maar daar bestaan nie so iets nie. Haar wielpomp het nie eens 'n derm aan nie. Ek sê toe vir haar: "Ag nee, Anna, waar is Faas?" (Faas was haar man - die seun van oom Piet van Maltitz.) Daar kom hy uit die sloot uit. Na 'n geskil is ons toe Soy toe, waar ons by my huis gaan tee drink. Faas het gesê dit was een van die lekkerste koppies tee. Ek het vir hom gesê dit is seker jou 100ste oorbietjie. Ons het lekker gelag.

Eens het ek in Eldoret by 'n girl gaan kuier. Lucas kom toe daar aan en ons besluit ons gaan kyk of ons iets kan kry vir die vleispot. Ons ry toe. Lucas en ek en my girl en haar suster, weer Soy se kant toe. En ja, nie ver op ou Douglas se grond nie, sien ons oë by die pad. Ek sê vir Lucas: "Gee my die eerste skoot." Maar hy weier en skiet die bok. Ons laai die bok in die kar en gaan drink tee by die Polisiestasie op Soy. Daar sê ek vir die Askari sê hy moet die bok afslag sodat hulle dit Eldoret toe kan neem. Toe die Askari klaar is, kom sê hy dat hy gemaak het soos ek gesê het met die opsny. En Lucas vra wat het ek gesê hy moet doen. Ek antwoord ewe onskuldig dat hy vir my die vier kloutjies moet afsny vir die hof. Ai. Lucas word daar en dan kwaad: hy wil nie die veraaier weer in sy kar laai nie. Dit het baie mooipraat van my en altwee meisies gekos,

voor hy bedaar en gesien het ons trek net sy been.

Ná Soy is ek gestasioneer in die Kitale-distrik, op Kimilili gestasioneer. In 1951 is ek weer terug Eldoret toe. In 1952 is ek met die Mau-Mau Nakuru - Solai, Subukia en Nairobi toe. In 1953 is ek getroud. In 1959 is ons terug Soy toe, en daarna Turbo Polisiestasie toe.

Toe ek na Turbo verskuif is, was my skoonma by ons in die huis vir hulp aan Ria, want Ria was in die hospitaal met die geboorte van Michael, ons oudste. Ons het gepak en die lorrie gelaai. Ek sê vir my huisboy hy moet my Radio aerialpaal oplaai en 'n rooi lap daaraan vasmaak. Hy sê ja, hy weet. Ma en ek is toe met die kar Turbo toe. Na 'n halfuur hoor ek die lorrie by die bult opkom na die Polisie stasie toe, en ek sê vir Ma: "Kom kyk gou." Toe het Manuel die huisboy nie 'n rooi lap gekry nie, maar sommer een van Ria se pienk broeke - en dit was sommer so styf opgeblaas van die wind.

*Ek en Ria was baie gelukkig. Ek dank die Here vir die liefde wat ek en sy saam gehad het vir die 44 jaar 1 maand en 26 dae van ons getroude dae.*

---

## *Die Kaapse Draai*

Gert Barnard skryf...

*Die Kaapse draai is nou net wat Alex, Dorie, en Nicolene Boshoff die ander dag aangevang het, en dit was vir ons wonderlik om hulle te sien. Toevallig was Don en Saartjie Bouwer, en ons kinders, Stephen en Sonia - met hulle gesinne - ook hier. Dit het uitgeloop op 'n baie aangename klein sikùku. Rooiwyn smaak mos baie anders hier in die winter.*

Vat 'n try, julle wat dit nog nie ondervind het nie, en kom sê *Jambo* vir ons hier. Daar is hier nie veel rafiki's nie, en vanweë die distansie kom ons maar selde by die saamtrek uit. Ons is almal baie dank verskuldig aan die oues op die bestuur wat so baie doen en opoffer om Habari uit te gee, en jaar na jaar te reël vir die saamtrek. *Asante sana!*

(As daar enige rafiki hier in die Wes-Kaap woon, of selfs tydelik vertoef, sal ons baie graag van hulle verneem. Ons telefoon is 021.851-3067.)

Ons het so pas 'n brief ontvang van Willie en Trix Lubbe van Edenvale. Dit val my toe by wat Willie oorgekom het een aand in 'n Cinema in Nairobi. Hy het 'n stukkie toffie onder sy tweetand plaatjie probeer verwyder. Net toe hy mooi daarin slaag om sy vingernael onder in te wig, trek iemand in die prent onverwags 'n skoot af. Trix skrik vreeslik - en sy vang Willie se arm vas met albei hande. Ongelukkig was dit die arm van die hand en vinger waarmee hy besig was om die stukkie toffie uit te krap. Uiters teëspoedige gevolge. Hy verloor beheer oor sy tande, en dié vlie die lug in. Hy gryp woes in die skemerdonker rond in die hoop om die goed moontlik raak te vang met een hand. Hy sou bitter graag die ander hand ook wou gebruik het, maar Trix weet nie van sy tanne-teëspoed nie, en meen hy suffer aan dieselfde skok as sy, as gevolg van die slag wat haar so laat skrik het. En sy probeer hom tot bedaring dwing deur sy arm nog stywer vas te klou. Tegelyk kom daar die vreeslikste gil van die dame wat reg agter hom sit. Hulle hoor haar sê: "Something struck me in the face!" Dis toe dat Willie besef waar sy tanne beland het. Hy vra toe vir Sandra (so nege jaar oud) wat saam met hulle was, om asseblief onder die bank op haar maag rond te seil en daar agter te voel "vir iets wat pappa laat val het". Sy weet natuurlik bokkerall van die tanne - net so min as haar ma. Alles geskied in 'n fluisterstem, en dit gaan moeilik, want die mense om hulle brom oor die rumoerigheid.

Toe Trix agterkom dat haar kind onder die banke rondseil, wil sy niks verstaan nie. Willie meen toe, aangesien kommunikasie so ingekort is, hy haar vinger gaan vat en in die gaping van die missing tanne te plaas. Dan sal sy mos begryp.

Ongelukkig verstaan sy heeltemal verkeerd en dink hy wil haar vinger byt. Nou is sy oortuig haar man het bomskok opgedoen. Waarom, buitendien, laat hy die kind so onder die banke rondseil? Sy sleep Sandra onder die banke uit - en Sandra kom te voorskyn met die valstanne wat Pa dankbaar afvee en terugbesorg waar hulle hoort. (Sy grootste vrees was dat hy dalk na die fliek bekendes sou moes teëkom sonder sy tanne.)

Ons wonder of Sandra, wat vandag 'n CA is, en ma van drie pragtige kindertjies (Ouma Trix het vir ons 'n kiekie gestuur) nog onthou hoe sy haar pappa te hulp geseil het!

*Geluk, Vic, ou maat, met jou pragtige bydrae oor daardie liewe mense van Ndaragwa, en die boerdery van daardie dae! Pragtig! Iemand kan gerus skrywe van Patatadraai se mense. Wie onthou nog iets van daardie groot geeste - Soon en Nicholaas Snyman?*

**Hartlike kwaheri en Mugu ta saaitia, van Somerset-Wes.**

Liefde,
Gert en Anna Barnard.

---

# DIE GOUE JARE

deur Koos (Hughes!) Engelbrecht.

*Ek roep graag die goue jare van die firma Hughes Ltd, in herinnering. Hulle was die Ford verteenwoordigers in Oos-Afrika.*

Saam met dit 'n paar gedagtes oor manne en vroue wat in daardie jare hulle bydraes gelewer het, en van die klandisie meermeé ons onderhandel het, asook 'n paar insidente. Ek dink ook aan my eie spore in die motorhandel -waarin ek vandag no staan - 42 jaar onafgebroke diens.

Hughes Ltd het takke in Nairobi, Nakuru, Eldoret en Kitale gehad. Aan die stuur van hierdie "empire" was oubaas JJ Hughes en sy vrou, Dorothy, wat ook parlementslid was, hulle seun Peter ('n bekende "rally"-drywer), asook hulle dogter Zelda, wat agterna tragies in 'n motorongeluk oorlede is.

Die naam Leo Leonard, Algemene Bestuurder van die Eldoret tak, en later Direkteur in Nairobi, sal nooit vergeet word nie. Sy gelyke in alle opsigte se dienslewering - dag en nag - sal nooit vergeet word nie. Hy was natuurlik ook 'n toegewyde kerkman. Sy vrou, Ursula, was baie bekwaam, en het ons só boekhouding geleer dat dit vandag nog vars in die geheue staan.

*So onthou ek dit:*

Desember 1954, met die jaareind afsluiting an die Prince of Wales skool, word ek na die hoof se kantoor ontbied. Hy sê vir my ek moet my bliktrommel (ons net nie destyds tasse gehad nie) saam met die ander seuns per trein Eldoret toe moet stuur. Hoekom? Want 'n sekere mnr Leonard sou my die volgende dag kom haal wen huis toe neem. Hierdie man het ek nie goed geken nie, maar ek het geweet hy is die nommer een man in Hughes Ltd op Eldoret.

Tienuur die volgende oggend kom laai hy my op by my Rhodes-huis in 'n blou Ford Mercury. Hy sê vir my hy neem my met die goedkeuring van my ouers, oom Faantjie en tannie Gertie, huis toe. Hulle sal my die middag in Eldoret ontmoet.

Dit was vir my baie duidelik dat hierdie 'n goedgeorganiseerde "trippie" huis toe sou wees, met 'n baie besliste plan in gedagte. Leo Leonard het baie vrae gevra op pad tussen Nairobi en Eldoret.

My ouers het my op Eldoret ontmoet, en ons is toe plaas toe op Soy. Daar het ons lank gepraat oor waar my toekoms sou lê - watter rigting ek sou gaan. Ons besluit dat ek eers besigheidsondervinding moet opdoen voor ek plaas toe kom om met die boerdery te help.

Een oggend vroeg beland ek en my pa in Leo Leonard se kantoor. Hy vra my in watter afdeling van die besigheid ek dink ek sou belangstel. Ek het gedink aan ons boerdery, en dadelik geantwoord dat ek 'n "mechanic" wil word.

Hiervan het hy nie gehou nie, en reguit gesê hy stem nie saam nie. Om my vernuf te toets, gee hy my 'n helse meccano-set: ek moet die hele ding aanmekaar gaan sit, sê hy, sonder dat een skroefie oorbly. Ek het my half vir dié Duitse Jood vervies, maar die uitdaging tog aanvaar. Die volgende dag het ek die gemonteerde model op sy tafel gaan plaas. Hy was baie beïndruk, maar gesê hy het reeds 'n ander plan met my.

Twee dae later begin my loopbaan in die motorhandel by Hughes Ltd - agter, in die onderdele-afdeling op die Kadex kaarte - saam met 'n ou tannie - tannie Rita Rushworth.

My salaris was SHS 150/= per maand. Na die maand om was, het my vader SHS 100/= geneem en vir my 'n bankrekening by Standard Bank geopen. Met die orige SHS50/= het ek 'n deposito op 'n trekklavier by Bhogal Bros betaal!

Leonard en my pa het besluit dit sou nie goed vir my wees om op die dorp te bly nie - daar kon dalk verkeerde maats in die omtrek wees. Hulle het gemeen die plaaslewe is baie gesonder. 'n Swart Ford Prefect is aangekoop - tweedehands, met 6000 myl op die speedo. 'n Drywer is gehuur wat op die plaas sou bly en my elke dag 14 myl in en uit sou ry - later meer hieroor.

Leonard se planne het in werking begin tree. By Hughes Ltd was daar reeds twee ander mense onder sy vleuels - Gertie Engelbrecht en Dirk Coetzee. Gertie was die oudste dogter van oom Dirk en tannie Sannie van Moiben. Sy is later getrou met Viv Webster - 'n lugdiens loods. Dirk was die seun van oom Daan en tannie Joey. Hierdie twee mense het diep spore in die maatskappy getrap. Veral Gertie was baie bemind by die kliënte - sy het altyd presies geweet wat by Hughes Ltd aangaan, en sy was Leo se regterhand. Dirk het later takbestuurder op Kitale geword. Dan was daar 'n derde mannetjie - ene mnr James Daniels. Hy het agter die toonbank begin, en later die verkoopsveld betree.

Leonard het ons van afdeling na afdeling oorgeplaas en gesorg dat ons deeglike kennis inwin voor ons die belangrike taak van verkope aan die publiek kon aandurf.

Die verkoopsveld was groot en oop. Ons opposisie het gekom van

- General Motors deur Motor Mart
- Volkswagen en Landrover deur Cooper Motor Corp.
- Peugeot deur Marshalls
- Nuffield Trekkers en Implemente deur Gailey & Roberts

(Hier was Vicky Germishuizen en Willie Balabanhof soms 'n vlieg in ons salf!)

Stadig maar seker het die blou mag van Ford die Uasin Gishu oorgeneem. Leonard het sy "soldate" goed opgelei en gesorg vir 'n stewige diens- en administratiewe agtergrond.

In beheer van Diens was 'n Italianer, Carlo

Machelli, asook sy broer George. Hierdie manne kon 'n Fordson trekker met toe oë *overhaul*. In die onderdele-afdeling was 'n Indiër met die naam Bhatt. Hy het nie na 'n boek gekyk as 'n plaasboer 'n *crown wheel* of *pinion* gesoek het nie - elke partnommer en prys was in sy kop.

Die vertoonkamer was op die hoek van 'n straat. Dit het groot glasvensters rondom gehad, en in een hoek was Leonard se kantoor. Eerste ding, vroegoggend, het ons hier vergader om die dagtake te beplan en te implementeer. Hierdie byeenkoms was sigbaar van die straat se kant af, en toe die boere begin oplet dat ons byeenkom, beskuldig hulle ons dat ons godsdiens hou en planne maak om hulle te verneuk! In 'n mate was hulle reg - ons hét planne beraam - maar nóg godsdiens gehou, nóg iemand verneuk. Na hierdie vergaderings het ons Ford Anglias en, later, Consuls, Zephyrs en Zodiacs, toegerus het *mudgrips*, en partymaal met kettings dit op die nat en modderige Uasin Gishu gewaag - op soek na 'n gesonde en eerlike transaksie tussen die gemeenskap en vriende van daardie tyd.

As 'n mens maar net 'n paar name van die groot en getroue ondersteuners kan noem: die Steyns, Emslies, Viljoens, Krugers (Ernst se seuns boer nog teen Sergoit-kop), Nigel Taylor, oom Dirk Engelbrecht, asook die Vorsters in die Moiben-omgewing. Oom Boet Fouché, die Randalls en die Van Rensburgs op pad na Moiben. My eie ou vader van Soy, asook die Rooken-Smiths, oom Willem van Maltitz van Plateau, die Woodleys, en oom Soon Steenkamp en Adam van Rensburg van Verbrandebos.

So kan ek aan- en aangaan. Ook in die Nandi Hills, Kipkarren, en baie ander plekke oor die hele *White Highlands of Western Kenya* lê die spore van Hughes Ltd se bemarkers wat in daardie dae goeie en eerlike besigheid kon beklink. Vandag, in Suid-Afrika, word ek nog steeds *Koos Hughes* genoem!

In al die jare daar het ons net een keer, na my wete, 'n voertuig moes terugneem van 'n ou omie wat nie mooi wou betaal nie. Ek en Carlo Machelli en die drywer het uitgery op die Wheelersdrif pad, in die werkswinkel se Ford Thames bakkie. Dit was blou en oranje geverf met 'n hout bakkie agter wat Chet Singh van geelhout planke gemaak het. Karjokkie, die drywer, in 'n blou en oranje geverfde Ford Thames Costcutter trok. Agter op die trok was *ramps* wat ingehaak het en waarop trekkers kon klim. By die huis het ek die Oom (hy het 'n snorretjie gehad) vertel hoekom ons daar is. Intussen het Machelli en die drywer solank die *ramps* uitgetrek, gereed om die trekker te laai.

In my gesprek met die oom het ek agtergekom dat hy nie baie gelukkig is nie. Die volgende oomblik kom hy uit die huis uit met 'n oopgeknakte haelgeweer, en hy is besig om te laai! Machelli en ek is met 'n helse spoed om die klipmuur, en die growwe soutkorrels dreun teen die Fordjie se kap. Karjokkie, met die Costcutter op spoed, jaag ook om die muur. Die *ramps* sleep ook agterna - een haak uit en val in die pad, en die ander een bly in tot naby die grootpad, en daar val dit ook toe uit.

Die volgende dag moes ons terug om die ramps te haal haal. Het het die *guts* bymekaargeskraap en die oom weer aangetree. En daar oorhandig hy SHS10 000/= kontant aan my. Hy kan gelukkig wees ons het hom nie van poging tot moord aangekla nie.

Die gebeurtenis van die swart Prefect. Ek het nie 'n geldige lisensie gehad nie. Elke oggend as ons van die plaas af weggery het en uit die oog was, moes die drywer, saam met wie ek moes ry, oorskuif, dat ek kan bestuur. By die Hervormde Kerk was 'n skerp draai. Ek het net altyd vóór die draai stilgehou en weer aan die drywer oorgegee. Een oggend het ek om die draai stilgehou, maar 'n polisieman het my gesien. Hy sê toe hy het lankal vir dié kans gewag - my boete was SHS 20/=.

Die Prefect se *dicky* kon 4x1 gallon melkkannetjies huisves. Elke oggend het Leonard my 'n halfuur afgegee om eers melk af te laai - by sy huis, dr Ashton se huis, ds Daantjie van Staden se pastorie, en by Leonard se sendeling vriend, Edgar Bryson. Hierdie aflewerings het ontwikkel in 'n groot afleweringsbesigheid met twee melktrokke vanaf Mimosa Farm, ons plaas op Soy. Een van die kanne het omgeval, en twee dae later 'n yslike reuk in die Prefect gelos. Een aand was dit my geluk om die Engelse magistraat se dogter fliek toe te vat. Sy klim in, en is heel verbaas oor die reuk. Maar sy sê net: "Oh, what a lovely farm smell!"

Ek onthou ook iets van Dirk en James se motors. Dirk het ook 'n swart Prefect gehad, een met rooi sitplekke, 'n geel mat voor op die *bonnet*, en 'n deurskynende blou plastiek *sunvisor*. Later het hy 'n tweekleurige Zodiac gekoop, en daarmee het hy Rina in Suid-Afrika kom haal!

James, weer, het 'n rooi Citroen gery voor hy sy Zephyr gehad het. Die Citroen se deure het van die voorkant af oopgemaak - ons het altyd sy *girls* se bene dopgehou as hulle uitklim! Die *gear-lever* was in die *dashboard* gemonteer, en het in- en uitbeweeg as jy ratte wissel. Die kopligte was 1 voet in deursnee, en altyd blink gechroom.

*In Desember 1960 kruis 'n sekere dame, by name Anna Boshoff, my pad. Sy was oom Kosie en tannie Bonnie se enigste dogter. Ek het dit nie maklik gehad om haar aan my sy te kry nie - oom Kosie was maar moeilik. Op 22 Desember 1962 bevestig ds Piet*

*Grobler ons in die huwelik - dit was sy eerste in Kenia. In Oktober 1997 stuur hy die preek in sy eie handskrif aan ons.*

In 1961 word ek bemarkingsbestuurder van Cooper Motor Corp (Volkswagen en Landrover). Bertie Sparrow word na Nakuru verplaas en ek word Algemene Bestuurder in Eldoret. Ek en Peter Hughes, asook Jock Anderson, deel 'n huis - hier vind die jongmanne rusplek vir moeë lywe na rugby-en hokkiewedstryde. Ook hulle het maar nie kans gesien om ver huistoe te ry nie. Ons het 'n swart *koekie-boy* gehad - Nkosi. Hierdie ou het deurentyd goed vir die *bachelors* gesorg - en vir homself. Na ons troue het ek eendag vir Anna gesê haar ryspoeding is nie naastenby so lekker soos Nkosi s'n nie - dit was die einde van Nkosi, en amper van my ook!

Ons het die laaste jare in die pragtige tuin en huis van die Cooper Motors woning gebly - naby die KCC (Kenya Co-op Cremaeries). Tannie Ida Sparrow was verantwoordelik vir die tuin en die versiering van die huis.

Wie sal nou nie die aangename *surprise parties* vergeet wat ons so dikwels gehou het nie? Oom Daan Luies, met sy seunsorkes aan die voorpunt, het die beste boeremusiek gemaak.

Die Gysbet Volkspelelaer - vernoem na oom Gys en tannie Bettie Viljoen - die Laer het op hulle plaas ontstaan. Wat van die Roxy en Lyric fliekhuise? Daar is baie handjies vasgehou, en dit was die oorsaak van baie huweliksinstellings!

****************************************************************

## Another Side to the War...

**Hermann Landgrebe writes:**

***While my sister, Brunhild Nabholz (80) and her daughter, Gudrun Nabholz-Beutler, travelled to the beloved and unforgotten land of our childhood, I went with my wife, Waldtraut, to Swakopmund, Namibia, to attend a reunion of pupils and internees from German Schools in Tanganyika 50 years ago.***

When England declared war on Germany on the 3rd Seprtember 1939, all German men were rounded up and taken to prepared internment camps. In 1940 some of them were sent to Germany with their families, via neutral harbours, for the exchange of British subjects being held in Germany. The remainder were taken to South Africa and imprisoned in Baviaanspoort - let us name it - Concentration Camp. They were parted from their families. The women and children were taken to Rhodesia, where they remained behind barbed wire till after the war. Only after a fire devastated the school building in 1944 - 11 children burned to death - some of the men were allowed to rejoin their bereaved wives. Only in 1947 the families were reunited, and then deported to Germany, in the cold of winter, and denied the option of taking up employment offered them in South Africa and Rhodesia.

Such bitter memories sometimes haunt one, and I feel they must be recalled to the minds of our *Habari* readers, though they might not ring well in the ears of those who fought against Germany.

Repatriated into a devastated Germany, where each had to use all his abilities in order to survive, we stood at a new beginning, together with 12 million who were forced, in atrocious circumstances, from their homes in East Germany (a move that cost approximately 2,5 million lives.

Our generation was not trained to a profession, but life in the camps had prepared us to adapt - we were used to living contentedly, with discipline and perseverance. We have mastered life, and each with his own abilities has achieved success.

Yet we are thankful that we could endure such an experience within a community suffering a common cause, and the reunion in Swakopmund brought unexpected faces from the past to life again, grey-haired survivors of those fateful and unhappy years.

---

## *In Memoriam*

**Deepest sympathy to the families of those loved ones who have passed away:**

Jack Aberdeen, on 31st December 1997, followed by his stepson, Henning van Wyk, on the 8th January 1998. Henning's late mother was Lolly van Wyk (Aberdeen). Henning is survived by his wife Rheeda, and two sons.

Haas Botha, 8 Januarie 1998, op ouderdom 72. Hy was die seun van oom Cias and tant Lisa, wat in Kenia geboer het. Hy word oorleef deur sy broer Cias, sy susters - Lena Kleynhans en Nellie Wessels.

Johann Anton Danie van Rensburg is oorlede op 3 Mei 1997. Hy was die seun van Johann van Rensburg van Plateau. Johan was maar 52 jaar oud, en 'n dokter. Sy ma, Bettie van Rensburg (gebore Bothma) woon in Huis Annie Schiltz, Pretoria, net agter "Ons tuis", Soutpansbergweg.

Johann word ook oorleef deur twee broers, wat in Pretoria woon.

Chart Snyman is oorlede op Nylstroom.

Tom Fourie, voorheen van die Roads Dept, Eldoret, is oorlede. Sy suster was Mimi Enslin.

Henry Visser is ook oorlede.

*Die meeste van hierdie name is deurgegee deur tannie Emma Stow. Baie dankie. (Sy sê sy het ongelukkig nie almal se besonderhede gehad nie.)*

Tannie Ria Joubert (gebore Fourie) van Arusha, Tanganyika, en later van Eldoret, is oorlede op 28 Junie 1997. Sy word oorleef deur haar man, vyf kinders, en vier kleinkinders. Oom Jurgens-hulle het gewoon in East-Lynne, Pretoria. Hy was vroeër polisieman in Eldoret, Nakuru, en Kitale. Christo Joubert - die kleinseun van Chris en Poppie Joubert en oudste seun van Pieter en Rina Joubert in 'n motor ongeluk op Saterdag 27 Junie 1998, op pad na 'n rugby wedstryd. Hy was maar 13 jaar oud en 'n leerling van 'n skool in Suidwes. Ons innige meegevoel aan sy ouers.

---

## Ian Miller writes from Barberton:

With reference to "The accident in Longonot Crater" - as an ex Prince of Wales student, who left school before the incident mentioned, I remember the name Rutherford. I have a feeling he came from Kitale, but I could be mistaken!? I thought that I could find his name listed in the Kenya Regt copies of their magazine, which I also receive, but no luck, so I don't know what happened to him.

*The following may be of interest. My step-mother, Bonnie Miller (neé Hopley) (whose father was a solicitor in Nairobi) and who still lives in good old "64" at the ripe old age of 87 years, first arrived in Kenya in 1914 with her mother, two older sisters, and a brother. (Her father only followed later, after the end of World War I). Her mother's brother, B F Webb, had arrived in 1901, and walked up to Nairobi from Mombasa, then on to Molo, where he farmed with cattle. He also bred racing horses, which he imported from England. Thus the Hopley family travelled up to Molo to stay with B F Webbv, breaking their journey to stay in the Norfolk Hotel - that was in the days when cattle and sheep still grazed around it, and oxcarts and mule waggons were the main means of transport. To arrive at the farm from the station, a wooden sledge, drawn by oxen, as we still see in parts of South Africa, was used to carry the luggage, plus my mother and grandmother. The older children had to walk, and were led by a toto with a Dietz lamp! Eggs, at that time, cost Shs 1/= per 100, but had to be tested in a bucket of water (bad eggs float). A chicken also cost Shs 1/=. My mother had many stories to tell, but, like so many of us, never put pen to paper, so that a great part of that history is lost.*

---

# Die Skilpad Safari

deur Frolie de Waal

*[Nota: Ouma Frolie het hierdie aantekeninge in 'n klein sakboekie gemaak, en dikwels is haar skrif (darem net enkele woorde en nie sommer hele sinne nie) erg onleesbaar. Waar ek gesukkel het, het ek dit net aangedui en verder gegaan. Ek vermoed sy het op die koop toe soms in die ry geskryf - sy en Oupa Eddie het afgekom in sy ou swart Dodge Kingsway. Ek het die plekname so ver moontlik probeer opspoor op die Michelin kaart nr 155 - Afrique Centre et Sud - maar daar is steeds gapings - Red.]*

Ons speedometer het op 34264 gestaan toe ons vertrek het.

**15 Mei 1962**

Ons vertrek die 14e van Moiben, en eerste stopplek 40 myl verder by Gert Barnard. Toe om 2:30 nm weer verder.

Klein Eddie vra om nie weer by familie aan te gaan nie, want te veel "huilery" vind plaas. Eerste moeilikheid begin by Wolwespruit waar 'n as van Thysie Davies se vragmotor gebreek het. Ons konvooi bestaan uit 'n 7-ton vragmotor en vragwa van 4 ton, 2,5-ton vragmotors, 'n 1½-ton vragmotor, 1 karavaan en 2 karre.

**16 Mei**

Vertrek van die eerste kampplek 67 myl van Nakuru, 20 voor 8 vm. Hoogte 8500 vt. Opmerklik is die verwydering van bosse aangerig deur die Kikuyu's al langs die pad. Bamboes groei net op ... [?] van 8000 tot 10 000 vt, sederbome van 200 - 300 jaar oud in die bosse langs ons weg. ([Nota:] Serikura - uitgestorwe nasie wat spore agtergelaat het van groot gate en klipmure. Niemand weet wat van hulle geword het nie.)

Groot plantasies dennebome geplant deur die Bosbou Departement al langs die pad, en ook sipres.

Bosse van bamboes groei ook weelderig hier op die hoogtes, maar groot skade is ook aangerig aan hulle deur die Kikuyustam. Bamboes word van 9 000 tot 10 000 voet geel, maar van 8000 tot 9000 voet bly dit groen. Om 9:30 vm het ons Naivashameer bereik, waarvan gesê word niemand het nog ooit uitgevind hoe diep die meer is nie. Die water is heeljaar yskoud. Die hoogte hier is 9000 voet.
Ons geselskap bestaan uit 4 grootmense en twee kinders, dws die De Waal gesinne. Die twee Davies gesinne is 5 grootmense en 5 kinders.

Hier by Naivashameer is ook die Timboroastasie, waar in die ou dae 'n wit buffel baie dikwels gesien was - weet nie wat van dié geword het nie - en dit ook vermoed is dat dit nie geskiet is nie. Hier is ook groot bosse sederbome. Bamboes en seder hou baie van mekaar, en waar jy die een kry, is die ander een ook gewoonlik daar. 'n Paar myl hoër kry mens jou eerste gesig van een groot arm van die Skeurvallei, en dis 'n pragtige gesig - veral nou dat alles groen en weelderig is. 10 vm het ons die hoogte van 9400 voet bereik en dis baie koud en die windjie waai skraal.

Van die hoogtepunt, dws vàn Londiani, is die eerste spoor deur die pionierswa uit die boereoorlog deur die De Waal broers - John en Eddie de Waal - gekap na Ravine, om hulle meubels, wat daar in tente gestoor was, te haal. Dit het 'n Maand geneem om 128 myl te reis.

Kwart oor tien het ons Equator stasie bereik - die hoogste spoorwegstasie in die Britse Ryk en, oor die ewenaar gegaan, byna 10 000 voet hoog. Hier op die hoogtes is baie groot troppe skape. Koring doen ook hier besonder goed.

Ons vragmotor, met die lang sleepwa van 22 voet, gaan hier maar baie stadig. Die vragmotor en sleepwa is swaar gelaai met meubels en gereedskap. Sekere meubelstukke wat in 1909 deur die De Waals van Suid-Afrika na Kenia gebring is, word weer terug na die Suide vervoer.

41 myl van Nakuru - op Makatani - ry die trein een keer self onder sy eie spoor deur. Hier was dit te steil, en was hulle verplig - daar die ingenieurs nie hulle draai kon kry nie, om dit só te bou.

Dit is hartverskeurend om die bos ... wat ons vandag deurgaan, wat 'n paar maande gelede nog mooi was - so verniel is deur die Kikuyu wat besig is om mielies en groente te plant. Hier op die hoogte groei die blackwattles en bloekom baie mooi, en is daar plantasies van hulle soort.

Ons slaap by Naivashameer by ...[?] Enslin.

**17 Mei 1962**

Vertrek 7nm van Botha en bereik Nairobi om 10:30. Daar vertoef ons vir 1½ uur. Nuttig middagete net oorkant die brug diekant van die lughawe. Nairobi lyk pragtig met al die struike en boubainvilleas wat nou in volle bloei is.
Vanaf Naivasha is dit nat, en Nairobi moes baie groot reëns gehad het, want veral langs die pad staan damme water.
Om 12:40 nm bereik ons die pad na Namanga wat gaan na Tanganyika. Nogal tamelik wildebeeste en "tommies" langs die pad gesien en die wêreld is pragtig groen. Om 3nm het ons die volgende dorpie en stasie bereik, met name Kajiado, wat 5800 voet hoog is. Om 5nm het ons Bissel relly[?]... [?] - dit beteken "brak water" - 'n Masai naam. Twee mooi klompe kameelperde gekry - hulle is donkerder van kleur as dié by ons op die Uasin Gishu Plateau - daar was ook 'n rooibok.
Ons bereik Namanga om 6:30 nm, waar ons kamp. Ons het vandag om en by 156 myl afgelê. Die pad was nat vanaf Naivasha tot op Namango, maar gelukkig was die grootpaaie mooi afgedroog. Hoogte 4200 voet

**18 Mei 1962**

Vertrek van Namango om 8:00 vm en steek die grens oor, die Tangayika gebied in. 17 myl van Namanga moes ons by Longido name van die drywers en die nommers van die voertuie opgee. Naby Longido het ons 'n klompie kwaggas teëgekom. 60 myl van Namanga het ons Arusha verbygesteek en die pad na Dodorwa geneem. Arusha distrik het 'n menigte groot, pragtige koffieplantasies en landerye van bome wat 'n baie goeie prys behaal. Vanaf Kijabe in Kenia tref mens die Masai stam aan regdeur Tangayika - van alle die stamme het hulle die grootste grondgebied. Hulle is net veebore - gaan nooit werk nie - trek rond sodra die weiding sleg is. Die mansgeslag trek met die vee en die meide kom met hulle besittings gelaai op donkies. Hulle strooise is almal baie laag, met plat dakke.

Wilde veldblomme is plate langs die pad, veral 'n geel blommetjie van die daisy familie. Ons het vandag 140 myl afgelê.

Die ander Davies familie het op pad tussen Makuyuni Mbyjori [??] by ons aangesluit - hulle het vooruitgegaan om by 'n getroude dogter te gaan kuier.

**19 Mei 1962**

23 myl van Mbeyanai het ons kamp getrek - en weer 10 voor 7vm vandaar vertrek. By Mgugu het ons 'n pap wiel gekry en herstel, en ook brandstof gekry. Ons het Hugo by Babati gekry waar hy brandstof geneem het, en om 10 voor 10 het ons vandaar vertrek.
Bongo PWD Kamp met baie kort, gevaarlike draaie, waar die spoed tot 10 myl per uur bepaal is. Hier begin die Pienaarshoogte. Hier by die eerste steil bult het Thysie Davies vir Hugo getrek - hy kon nie verder met

sy swaar vrag nie, maar gelukkig kon hy gou weer op sy eie stoom aangaan. Vandag vorder ons maar stadig, want dis net op- en afdraendes en maar 100 myl afgelê. Op Kondoa het ons kamp opgeslaan tussen reuse kremetartbome. Hulle is pragtig, en ongelooflik groot.

Die natuur is so pragtig, en in sekere dele kry 'n mens 'n pragtig boom - die "Tanganyika teak". Dan weer een deel waar gronderosie alles inneem, en groot sandriviere net waar 'n mens kyk. Die paaie word ook meerendeel net op die rante gemaak om verspoelings laer af te voorkom - dus daarom dat 'n mens gedurig klim of sak. Ons het nou 7800 voet gesak na 4650 voet. Hier koop ons gesuiwerde water teen 1 sent per gallon. Hier is 'n taamlike groot dorp, en kan 'n mens darem weer aanvul wat ons kortkom.

**20 Mei (Sondag)**

Ons is nog hier op Kedowa om weer te rus en alles agtermekaar te kry. Dis heerlik koel en ons het 'n baie mooi kampterrein.

Om 12 uur het ons weer vertrek op pad na Dodoma. Dit lyk of dit miskien kan reënt en die pad dalk te nat en glad kan word - dus maar liewer probeer sover ons kon vorder.

Omtrent 16 myl van Kedowa het die plantegroei verander en is alles weelderig en die aarde baie vrugbaar. Oral merk 'n mens sonneblomme, tabak, mielies, kasteroliebome. Die mielies word nie afgemaak nie, maar in die koppe gebind en dan buite gehang, dan vreet die kalanders hulle nie.

Kedowa is die ene sand en gruisklippe en rotse en geen gras nie. Die bietjie gesaaides van die naturelle lyk swak, en dit is ook net 'n bietjie kafferkoring - bietjie sonneblomme en pabaties [?!]. Die plantegroei is swak, behalwe die reusagtige kremetartbome met hulle lang ankers, sommige 38 tree lank. By Kalema moes ons oor 'n baie lang sementbrug oor 'n lang sandrivier wat duskant gesak het en maar gevaarlik is. Daar ook twee albino's opgemerk waar hulle saam met [ander] naturelle besig was om iets te drink. Vanaf Kalema het ons vlaktes aangetref en hou die vragmotor met lang sleepwa baie beter spoed. Omtrent 40 myl van Kalema het ons 'n pragtige koedoekoei en haar kalf teëgekom.

Ons het ook 'n lang moeras, wat die pad hoog opvul en deurgaan, oorgegaan - al langs die weerskante was daar plate waterlelies, wit en persblou. Die verskillende soorte veldblomme is pragtig, en sommige dele, waar die bome ewe hoog is en oorrank is met die wit, lyk dit kompleet op 'n distansie soos kapok. 'n ... Doring was pragtig toegerank met geel klimop. Naby Dodoma nog 'n albino vrou teëgekom.

Om 6:20 nm by Dodoma aangekom en net 'n myl [daarna] kamp getrek. Ons het 'n afstand van 'n 100 myl afgelê.

**21 Mei**

Vertrek van Dodoma 7:10 vm op pad na Iringa. Die wêreld hier is droog, en sien mens net groen doringbome. Ons het weer 'n baie lang sement[brug] oorgesteek wat gebou is oor 'n sandrivier. Die padmakers het werkers [wat werk] met skrapers met lang handvatsels om die sand van die paaie af te skraap. (Die paaie is gevaarlik met die baie sand, en 'n mens verloor sommer gou beheer oor jou voertuig. Dus moet jy versigtig wees en nie vinnig ry nie.) 'n Raam gemaak van dun yster of aluminium, met takke [daaraan] vasgemaak, omtrent 5 voetwydtes en omtrent 4 voet hoog, word getrek deur twee naturelle om gate op te vul en gelyk te maak. Die paaie is baie sinkplaat en dik lae sand, meestal op die grootste gdeelte van die pad.

Die doringbome is in vol bloei en lyk pragtig. Oral om die kremetartbome is kaste vir byneste van die naturelle. In Kenia tref mens dieselfde soort "besem" aan, maar dis baie groot takke aangehak aan 'n trekker of vragmotor. Ons dink die Tanganyika Goeverment kan nie bekostig om trekkers aan te hou vir dié doel op die paaie nie.

57 myl van Dodoma het die klein vragmotor 'n pap wiel opgedoen. Met die sinkplaat en sanderige paaie het ons tot dusver (10:30 vm) nog goed gevorder. Om 11:30 het ons die helfte van die afstand na Iringa gedoen - 'n rooibok ook daar teëgekom. Ons daal vinnig en dis baie warm en nou 2200 voet.

47 myl van Iringa het die 9 myl se steil rante met so baie kort draaie begin. Dit het ons 'n uur en 15 miniute geneem om met ons lang gevaarte oor Iringa berg te kom.

Ons het stadig maar seker geklim en staan nou op 'n hoogte van 5300 vowet.

Ons het 6 uur op Iringa gearriveer, maar baie moeilikheid gehad met ons kampplek - dié was baie sanderig en die vragmotor het sommer gou vore gemaak en moes uitgetrek word. Dit was koud en ons het almal gou in die vere gekruip. Ons het 'n afstand van 164 myl afgelê. (Die pad oor die Iringa berg is vol kort draaie, 12 myl [aaneen]. Mens moetnet voor kyk.

**22 Mei. (Ma se verjaarsdag.)**

Ons vertrek van Iringa en doen by 'n petrolstasie aan vir brandstof en water. Daar het klein Eddie met die waterkan geval en sy ken oopgesny, toe moes eers na 'n dokter gesoek word wat nog geslaap het - om 20 voor 9 is ons dan eers daar weg. Iringa is 'n pragtige dorp uitgelê hoog in die koppie, en baie ryk aan water.

Jammer dat alles nog so agteruitgaan - die messte groot firmas, soos bv Gailey & Roberts, en die ryk Griekse besighede, is almal gesluit. Besigheid het so te sê tot 'n stilstand gekom. Die eerste minister het slegs standerd 6 gemaak, en hy is nou aan bewind, en Tanganyika word by die dag armer. Sover het ons nog geen moeilikheid met die naturelle nie. Almal is baie beleefd en groet 'n mens. Iringa het geen spoorweg nie - alles vervoer word deur groot bussen en vragmotors gedoen. 'n Paar myl uit Iringa tref 'n mens 'n standbeeldjie van Moeder Maria aan.
10 voor 1: ons is nou weer op 6500 voet hoogte.

Op Matanana, 70 myl van Iringa, weer brandstof gekry. Die wêreld is pragtig en vrugbaar. Tabak en mielies word op groot skaal geplant en is die grootste inkomste. Blackwattle en bloekom tref 'n mens oral aan, en ook sipres. Oral merk 'n mens bamboes - en self geplant ook deur naturelle vir hulle gebruik. Die pad tot dusver is verbasend goed, en [daar is] baie min sinkplaatgedeeltes. Om 4 uur begin die pad versleg en word it baie sinkplaatagtig. Ons slaan kamp op 5:10 nm, maar Hugo moes 16 myl teruggaan waar Thysie Davies se vragmotor verkeerd gegaan het, en na baie moeite is dit sover gekry dat dié op sy eie krag ons kamp bereik het - toe was dit al donker. Ons het 'n afstand van 138 myl afgelê.

**23 Mei**
Die mans is besig om die gearbox van die Davies vragmotor uit te haal en sal na Mbeya moet gaan - dis omtrent 104 myl - om 'n nuwe gearbox te soek. Dus sal ons seker nie vandag ver vorder en Mbeya haal soos ons gehoop het nie. Hoop net hulle sal 'n nuwe een kan kry - die garages en motorplekke lyk maar swak. Dit was laasnag net koud, en vanoggend ook erg koud. Ons kamp is by 'n pragtige stroom water en mooi, groot bome. Ons het ook geen muskiete gewaar nie. Die part van die vragmotor is na Mbeya en is herstel, en gisteraand omtrent 6:30 nm was die mans terug.

**24 Mei**
Hugo is besig om die gearbox terug te sit en hoop alles is in orde. Andere van die geselskap is besig om weer alles gepak te kry. Ons vertrek 9:20vm van Igawa, waar ons gekamp het. Igawa is 'n pragtige kampplek langs 'n mooi rivier met pragtige skoon water. Die plek is mooi skoongekap met groot bome. Vandag het ons baie riviere wat sterk water het, en vanaf Iringa is daar volop water. Die wêreld is pragtig en Mbeya is 'n baie mooi dorp, maar ons kon nie vertoef om alles te besien nie - ons moes kampplek soek. Ons is 4uur deur Mbeya en 5:50 ons kampplek bereik. Ons het 116 myl vandag afgelê. [Ons is by die] Songwe [rivier].

Om 3 uur het ons Rodney Farr en gesin ontmoet wat ook op pad is na die Suide. Dit was vanoggend net baie koud toe ons by Songwe rivier was.

**25 Mei (Tunduma)**
Ons het 7:30 van Songwe weggetrek op pad na Tunduma, waar ons deur die doeane moet gaan - dit is 53 myl van Songwe af. Ons klim nog een strook deur en dis nou 10 voor 9 vm. Suikerbos sien 'n mens ook langs die pad, en ook ... [?] opgemerk met een stoel wat in volle bloei was.

Sover net Roomse sendingstasies en skole aangetref, en nie een Protestantse een nie. Om 10 uur by 'n Proefstasie (Experimental Station) verbygekom, alles lyk hier pragtig en gesond.

25 voor 10 het Jim Davies se lorrie gebreek en nou is dit die moeilikheid om die part in die hande te kry, want daar is geen garages naby nie. Die mans is terug na 'n petrolstasie om te sien of hulle nie ... [onleesbaar] en dan terug en op die battery verder vorder.

Dis nou 11:30 en die vragwa is so herstel dat ons verder kan gaan tot ons 'n garage kan bereik - dws ons hoop so. Ons is nou weer op 4900 voet. Ons kry nog pragtige riviere met sterk water en ook mooi koffieplantasies. Om kwart voor 1 het ons die steilste bult - altans, so meen ons - gekry. Moes Thysie Davies haak. Toe was dit gou weer aan die gang. Die lang en swaar hoogte is omtrent 7 myl van Dunduma. Van nou af, meen ons, sal die op- en afdraendes verminder en ons meer vlaktes tref. Twee myl van Dunduma is ons nou op 'n hoogte van 5300 voet. Om 1 uur word brandstof weer opgeneem. Om 5 oor 1 gaan ons oor die Rhodesiese grens waar ons horlosies 'n uur geskuiwe word, en moet ons wag vir die kantore om oop te gaan. Hier op Tunduma het ons eers ons geld in Rhodesiese geld omgeruil. Ons is oor 3 nm daar weg, en 7:30 nm by Isoka by die ruskamp gekom. Die laaste gedeelte van die pad was ene sinkplaat, en ons verstaan van ander dat verder nog erger is. Ons het 122 myl afgelê. Die naturelle het gisteraand ons baie uitgekoggel en baie geskreeu.

**26 Mei**
Ons vertrek van Isoka om 6:30 vm, maar moet nou weer by die Petrolstasie wag dat dit oopgaan. Vertrek vanaf die petrolstasie 7:15. Ons ontmoet George Joubert hier op sy reis terug na Kenia om nog 'n laaste vrag goed te gaan haal. Dis nou 10 voor 2 en ons het goed gevorder. Die pad is toe glad nie so sleg soos onsvermoed het nie. Nou moet ons nog 30 myl gaan voor ons die ruskamp bereik. Oral langs die pad het ons proteas opgemerk en ...[?] struike met pragtige geel en rooi blomme. Die plantegroei verskil baie min sover

op dié van Tanganyika. Sover nog geen lewendige dier, mak of wild, gesien nie. Daar is vandag baie min verkeer op die pad, wat lekker is, want die paaie is nou baie stowwerig. 'n Mens sien maar baie min langs die pad - 'n paar lokasies met winkels teëgekom. Vandag skreeu en rumoer hulle nie, behalwe 'n klompie skoolkinders.

Baie verskillende soorte grassade, wat pragtig is. Ons bereik Mpika 4 uur en het 167 myl afgelê. Die langste distansie distansie nog sover in een dag - en die moegste wat ons nog kamp opgeslaan het. Ons het op die polisiegronde gekamp.

**27 Mei (Sondag)**
Ons vertrek van Mpika om 20 oor 6 en dit op die liewe Sondag. Hoop net dit vaar goed met ons. Dit is vanoggend baie koud en voel skoon na winter. Gedeeltelik is die pad maar dele stofferig en die padmakers besig, dus moet 'n mens kort-kort spoed verminder. 20 voor 11 vm het ons 'n pragtige meertjie teëgekom, en die eerste kaal vlaktetjie. Sover het ons darem goed gevorder - nou al oor 100 myl afgelê, en sal ons miskien die volgende ruskamp na dié een 'n paar myl hiervandaan behaal. 20 voor 12 haal ons Kanona, en 20 voor 2 gooi het ons brandstof opgeneem by Serenje. Na 'n baie vermoeiende rit kom ons om 10 voor 4 by die Mkushi River aan, en nou moet kampplek gesoek word. Ons het 195 myl afgelê en'n lekker koppie koffie of tee sal baie welkom wees. Die plantegroei is dieselfde, en aangesien 'n mens niks verder kan sien as dit pad nie, word dit soms baie eentonig. Daar is nie kampplek by die hotel nie, nou is dit 'n gesukkel om 'n geskikte plek te kry. Ons kry plek by die PWD kamp. Dis baie koud hier, en almal het 'n baie koue nag gehad - nie genoeg komberse nie. Die hoogte hier op Mkushi River is 6200 voet. Ons het 196 myl afgelê in een dag.

**28 Mei**
Ons vertrek hier van Mkushi River 25 minute oor 7. ('n Paar myl van Mkushi River af het ons 'n manganese myn verbygegaan.) 25 voor 9 het Thysie se vragmotor warm geword en toe het hy uitgevind al die water is uitgelek. Hulle probeer die lekplekke met seep besmeer, maar die radiator is so beskadig dat dit toe uitgehaal is. Eddie en Thysie het dit na 'n plaas so 5 myl hiervandaan geneem om herstel te word. Dit was 25 voor 11, en dis nou 5 voor 12, en hulle is nog nie terug nie. Ons het 'n boodskap met 'n verbygaande bus gestuur om te sê ons is reg en hoef hom nie te bekommer nie en aangaan. 20 voor 2 het die stuk weer teruggekom , en is die mans besig om dit in te sit. Eddie en ek het vooruitgegaan en vir die eerste keer 50 myl per uur gery - die eerste keer vandat ons die Plateau verlaat het, en 10 voor 3 hier op Kiperi Mposhi aangekom. Tussen Mkushi River en Kipuru Mposhi woon daar 30 Afrikaanse families - by een van hulle is die radiator herstel. Hulle gaan voltyds[?] vir tabak en mielies in. Vertrek van Kipuru Mposhi 10 oor 3nm na Broken Hill. Thysie-hulle verdwyn en die ander moes op soek gaan. Eers 8:30 nm 'n oproep van 'n plek verder gekry waar hulle beland het - ons sal hulle môre (DV) daar kry. Net voor 'n mens Kipuri Mposhi kry begin die teerpad, en dis 'n verligting om van die stamperige en baie stowwerige paaie af te gaan. Het 115 myl gekom, as ek dit reg het.

Ons is vandag twee weke op die pad - daarvan het ons 11½ dae gery. Ons het 111 myl gedoen, en nie verder as die Motel gekom nie, want Thysie en Martie het nou eers opgedaag en dis 4:30 nm. Ons het toe maar hier kamp getrek.

**29 Mei**
Ons vertrek 20 voor 8 na Lusaka. Had 'n baie mooi en gerieflike kampplek omtrent 12 myl uit Broken Hill, by 'n Motel. Vanoggend spoed ons, en dis heerlik om op die teerpad te wees, en dit drywers kan ook nou kans kry om rond te kyken nie net hulle aandag op die pad te hou nie. Dis meer interessant langs die pad, en nie so begrfoei nie, en kan mens van die saaiery en beeste sien. Ons arriveer op Lusaka, waar Thysie-hulle op ons wag. Broken Hill is 'n mooi dorp met baie geteerde strate. Het 'n baie mooi groot hoofstraat. Klein Eddie is daarheen geeem om die "clamp" te verwyder. Duie boustyl van die naturelle verander baie van distrik tot distrik. Om 10:30 vm het ons op Lusaka aangekom en op Kafue 12:20. Ons het Thysie en Martie op Lusaka agtergelaat, waar aan die vragmotor en karavaan gewerk word. Ons sal ons middagete hier neem terwyl ons op die ander wag. Lusaka het pragtige, wye strate, en ek wens daar was meer kans om rond te kyk, maar die tyd het ontbreek. Ons het toe deurgetrek na die pragtige Kafue brug met die pragtige sterk waters wat daaronder deurloop. Die brug was vroeër op die Thames gebruik, en later verwyder en nie meer gebruik nie, en toe na Rhodesia en in die Kafue brug gebruik. Hier is tamelik seekoeie te sien. Eddie en ek is daar by die brug weg, en het by 'n Motel gaan wag - dis omtrent 1½ myl van die Kafue brug. Die wind waai daar erg en dis baie onplesierig om daar te wag. (Die Kafue rivier het 'n massa water en dis baie diep. Kort-kort breek die stroom stukke gras af en spoel dit weg.) Gister slegs tot 1 uur gery.

**30 Mei**
Ons vertrek van ons kampplek 6:15 vm, en het 'n paar myl deur dik mis gegaan. Die eerste uur het ons

gevaarlike, kort draai, en steil af- en opdraandes gekry - gelukkig is die teerpad baie goed, maar dit lyk of dit weervandag deur "berge en deur dale" gaan wees. Ons het twee uur geneem om die berg af te kom, en weergelyktes te kry (dws 28 myl).
15 myl van Chirundu het ons uitgedraai op die grond na Kariba dam, en dit was toe 9:15 vm. Die pad na Kariba dam was gelyk, maar die laaste 10 myl alweer op- en afdraande. Ag, dis 'n gesig om die reuse werk wat daar gedoen is, te sien, en die groot oppervlak van die water wat afgekamp is. Die Kariba dam word (so is vertel) die agste wonder van die wêreld. Ons was daar meer as 'n uur, en nou weer op pad na Salisbury se rigting. Ons het 'n hele paar besoekers - ook Afrikaners - daar ontmoet, en baie lekker gesels. By Karibadam is dit nog die ene gewerskaf - dinamietskote hoor 'n mens, vragmotors met vragte klippe, en net waar 'n mens daaronder kyk sien jy net masjiene wat werk. Die taak is nog glad nie voltooi nie.

Dis 2:25 nm en ons klim en sak nog steeds, en sover ons kan sien, is dit nog net berge en dale. Van gister af rooi hanekam gekry op sommige plekke langs die pad - hulle groei geil en hoog tot 6 en 7 voet lengte. Vier uur geneem om die vreeslike van 50 myl te doen. Dis nou 4:30 nm en dit lyk of ons gelyktes gaan kry. Ons is ook nou weer op 'n teerpad. Dis 50 myl van Kariba dam tot by Makuli. Ons kamp langs die pad - ons kon nie 'n motel bereik nie.

**31 Mei**

Ons vertrek van ons kampplek 20 voor 7. Ons het 27 myl van Karoi gekamp. Ons het 1 uur en 10 minute geneem om die 27 myl te doen na Karoi. Die pad was uitstekend goed, maar begin nou weer versleg. 'n Nou teerstukkie en baie verkeer en padmakers op die pad - dus sal ons spoed baie verminder. Ons kry petrol op Karoi en die bediening is maar swak. Ons vertrek van die pompe 20 voor 9. Vandag sien ons baie lang, hoë en smal geboue met skoorstene waar tabak bewerk word. Dis vandag interessanter, want 'n mens kan mooi oral langs die paaie sien, en oral word bosse verwyder om landerye te maak. Nou 9:10 vm. Ons is eindelik weer op 'n goeie, wye teerpad. Ons het ons eerste druiwe op Karoi gekoop en hulle is heerlik. Kwart oor 11 kom ons op Sinoia aan. Dis nogal 'n groot dorp. Ons het nou 51 myl afgelê. Gister het ons Tsetsevlieë streke deurgegaan, en ons voertuie moes in 'n groot gebou ingaan, die deure toegemaak, en die voertuie gesproei word - selfs binne-in die karre. Om 2:20 het ons die Mfuli rivier oorgegaan - dis 'n groot, sterk rivier, 2 myl van Hartley af. Ons bereik Hartley 25 oor 2 en dis 'n mooi dorp met groot, breë strate. Nou kry ons weer teerpad. 20 myl verder kom ons op Gatooma aan. Gatooma is 'n mooi, groot dorp - mooi uitgelê, ook met breë teerstrate. Ons het nie hier versuim nie, net deurgery. Al langs die pad, sekere distansies van mekaar - het hulle tropiese plante geplant, soos pointsettias, bougainvilleas, hibiskus, en dergelike soorte. Baie soorte vertoon al baie mooi - ander is nog te jonk. Ons kom by Que Que om 5 nm aan. Ons het vandag 214 myl afgelê.

**1 Junie**

Ons het 7 myl van Que Que kamp getrek langs die pad, en vertrek nou 7:20 daarvandaan op na Gwelo - om 8 uur kom ons op Gwelo aan. Daar neem ons brandstif op, en vertrek weer. Gwelo is ook 'n baie mooi dorp - baie strate en mooi plante. Eddie en ek het agtergebly om Anna Wilson op te soek - maar ongelukkig was sy nie tuis nie, en ons het weer 9:20 in die pad geval. Tien voor tien het ons Hugo ingehaal. Die wêreld is plat en nie so bosagtig nie. Ons ontmoet Let[?] Wolmarans en Maria Nel op pad na Buluwayo. Hulle is op pad terug Kenia toe om van hulle goed te haal.

Ons kom op Insiza aan. Tien myl van Buluwayo gaan ons by 'n groot fabriek verby waar hulle op groot skaal kleipype vervaardig. Ons het ook gister goudmynbedrywighede op 'n distansie gesien, en nou ook 'n sementfabriek teëgekom. Twintig minute by Buluwayo vir die Davies trek, en toe die pad na Beit Brug geneem. Nie by Buluwayo deurgegaan nie. Later is ons deur Essexvale en Balla Balla, albei klein plekkies. Ons 'n paar groot koppe van soliede rots gesien, en vandag gekry. Op sommige, waar daar nog 'n krakie is, groei daar nog, snaaks genoeg, bome op. Ons gaan deur Gwanda om 4:30 nm, en kamp buitekant die pad. Ons het 222 myl afgelê. Die Davies familie het ons genooi vir braaivleis en pap vir ons laaste aand, en ons het die tyd gesellig langs 'n kampvuur deurgebring. Ons het 'n kameelperd langs die pad gesien. Die pad is baie mooi en baie gelyk.

**2 Junie.**

Ons vertrek 6:30 van ons kampplek na Beit Brug. Dit is 'n pragtige sonsopkoms - die pragtige kleure in die wolke net bo. Ons gaan by 'n groot sementfabriek verby. Nou het ons weer 4 myl grondpad voor ons weer op die teerpad kom. Om 7:30 vm West Nicholson deurgegaan. Ons bereik Beit Brug 11:10 vm en vertrek weer. 25 voor 12 gaan ons oor die Transvaalse grens, en moet ons deur die doeane gaan. Vertrek van Beit Brug 5 minute oor 1 na Messina.
Om 5 voor 2 - op Messina - neem ons afskeid van ons ander reisgenote. Ons bereik Piet de Jager om 4:30 nm en ons is bly om weer in 'n huis te wees en ordentlik te kan bad en klee.
Ons het 2719 myl afgelê van ons van Eldoret vertrek het.

## GEMEENTE RENSBURGRUST

deur Koos Engelbrecht

Die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou, met sy hoë, wit toring, het teen die randjie verby die skougronde gestaan. Ds L E Brandt, met sy besoeke, was aan die voorpunt van die oprig van die kerkgebou. Ds JP van den Berg was teenwoordig met die hoeksteenlegging. Die Van Rensburgs, Prinsloos, Engelbrechts, en baie ander lidmate, het gehelp met die bou. Oupa Koos en oom Philip Steenkamp het die preekstoel gebou, en ander houtwerk gedoen. Die gebou is in 1935 gewy.

Die volgende predikante het hier in die verre noorde die woord helder en duidelik verkondig: di LE Brandt, JP van den Berg, JJ Prinsloo, Andries Band, Daantjie van Staden, Corneels Mans, Johannes Breytenbach, Mossie van den Berg, Hennie Visser, en ander besoekende predikante. Ds Tiggelaar vanuit Holland het in die laaste jaar voor die einde van die gemeente as hulpprediker ingestaan. Oudl Wolfie Wolmarans was van onskatbare waarde vir hierdie gemeente, veral ten tye van herderloosheid het hy meer as sy deel gedoen.

In 1964 moes die gemeente se bestaan beëindig word omdat baie Afrikaners na Suid-Afrika vertrek het.

My oorlede vader hou die laaste diens in Maart 1964 - waar slegs sewe lidmate teenwoordig is. Die kerkgebou word aan die Presbiteriaanse Kerk verkoop. Ek sluit die groot houtdeure vir die laaste keer en oorhandig die sleutel - 'n traumatiese oomblik, en een wat ek nie kan vergeet nie!

Daar is soveel mooi en goeie herinneringe van al die dinge en mense in ou Kenia - hier sal nooit genoeg ruimte wees om dit alles op rekord te plaas nie.

In Januarie 1965 het ek en Anna na Suid-Afrika verhuis. Ons is dankbaar vir 'n lewe wat nog steeds voorspoedig en gesond is. Ons is geseënd met drie mooi dogters - Bonne, Gertie, en Magda. Tot op hede is ons ook twee aangename skoonseuns ryker - Christo en Johan, asook drie kleinkinders - Tian-Louw, Hanko, en Juané. Magda studeer aan die Universiteit van Pretoria.

My vader is in 1978 in Warmbad oorlede. Moeder - nou 82 jaar - geniet nog goeie gesondheid in Nelspruit Herfsakker Ouetehuis.

Ek en Anna was verlede jaar op besoek - net tot in Nairobi en Masai Mara Wildtuin. Ons moet maar liewer Kenia onthou soos hy was!

---


**DUNCAN DELTA - NELSPRUIT**


**die huis van**

**OPEL PASSASIERS MOTORS**
**ISUZU BAKKIES & VRAGMOTORS**

**Hier bied Koos (Hughes!!) Engelbrecht sy getroue dienste soos 43 jaar gelede steeds aan die publiek!!**

**Skakel my vir jou benodigdhede en ek lewer af.**

**Posbus 345** — **Tel: (013) 755-4865 (W)**
**NELSPRUIT** — **(013) 755-3871 (H)**
**1200** — **Fax: (013) 755-4865**




## UNDELIVERED --- ONAFGELEWER

| | |
|---|---|
| BEZUIDENHOUT, Charl; | Posbus 76, Tygerberg 7505 |
| CLOETE, Elsie; | Posbus 629, Pretoia 0001 |
| COHERS, Egon; | Posbus 79, Maitland 7405 |
| DE BRUIN, Hendrik en Lulu; | Posbus 385, Marble Hall 0450 |
| DE BRUIN, Theunis & Louise; | Posbus 6173, Pietersburg Noord 0750 |
| DE JAGER, Mnr G; | Ohare 19, Jameson Park, Boksburg 1460 |
| DU TOIT, Ena; | Van der Spystraat 1, Paarl, 7640 |
| FERREIRA, Joe; | Posbus 1179, Durbanville 7550 |
| JACOBS, Boet & Lena; | Posbus 268, Koster 2825 |
| JOUBERT, Joof & Elsabe; | Posbus 6746, Birchleigh 1621 |
| JOUBERT, Mnr S A; | Hertzog str 1106, Villieria, Pretoria 0186 |
| JOUBERT, Mnr & Mev Gert; | Posbus 139, Ladana, Pietersburg, 0700 |
| KRUGER, J R; | Pk Lambrechtsdrif 8820 |
| KRUGER, Paul & Anita; | 2 Cottesmore Road, Bryarton, Sandton 2199 |
| LAATZ,Mnr HH; | Posbus 268, Koster 2825 |
| LUIES, Koos & Mick; | Posbus 1939, Witrivier 1240 |
| MULLER, Mnr HS; | Nelstehuis, Posbus 147, Ermelo 2350 |
| PISTORIUS, Theo & Roelien; | Posbus 90155, Garsfontein 0042 |
| SNYMAN, Mimmie; | Posbus 714, Naboomspruit 0560 |
| STEENKAMP, Lourens & Nadize; | Zambesilaan 165, Sinoville 0182 |
| STEENKAMP, Mnr P S A; | Posbus 7143, Petit 1512 |
| STEENKAMP, JWO; | Posbus 915, Middelburg 1050 |
| STEYN, Mnr & Mev HH; | Dirkie Hatting str 134, Kilner Park 0186 |
| VAN DER MERWE, Mnr OT; | Posbus 236, Piet Retief 2380 |
| VAN EMMENIS, Faan; | Gerlee 101, Reitzstraat 425, Sunnyside 0002 |
| JANSE VAN RENSBURG, Mnr JB; | Posbus 1684, Bethlehem 9700 |
| VAN ROOYEN, Mnr A; | Mangaan straat 11, Middelburg, 1050 |
| VAN STADEN, Mev; | Van Riebeeck straat 87, Nylstroom 0510 |
| VAN STRAATEN, Mev Koba; | 62 Lechweweg, Nimrod Park 1619 |
| VISAGIE, Willem; | Posbus 589, Kowie-Wes 6171 |
| VISSER, Minnie; | Gemsboklaan 233, Wierda Park 0149 |
| WESSELS, Kitty; | Posbus 31, Lichtenburg, 2740 |

Dit is almal posstukke wat terug gekom het, gewoonlik sê die posstuk; Vertrek - Geen adres gelaat nie, of RTS, of Box closed, of geen straat aflewering nie. Dit kan wees dat sommige oorlede is. My telefoon nommer is voor in die brief laat my weet as jy iets weet van die mense. Eintlik is die persentasie wat terug kom baie min en is die mense regtig goed om ons op hoogte te hou, 33 uit 802 het terug gekom. Groete Danie